Saterdag **11 Mei**

**Skrifgedeelte: 2 Korintiërs 4:7-15**

**Fokusgedeelte: 2 Korintiërs 4:7,10 (AFR53)**

**Christus se krag in ons swakheid**

As gelowiges ontvang ons van Christus die heerlikheid om kinders van God te wees (Joh. 17:22). Daarmee saam leef ons met die oë gerig op ’n allesoortreffende, ewige gewig van heerlikheid waarop ons wag (2 Kor. 4:17). In Christus leef ons van heerlikheid tot heerlikheid.

Op die oog af lyk dit egter nie of ons van heerlikheid tot heerlikheid leef nie. Menslik gesproke leef ons van swakheid tot swakheid. Nou reeds is ons swak, en soos wat die lewe aan die kant van die graf aangaan, word ons net swakker. Paulus beskryf die swakheid wat hy self geken het baie konkreet (vs 8-9).

Nogtans is daar ’n noue samehang tussen die heerlikheid wat ons ontvang het en die swakheid wat ons beleef. Ons het immers die skat van die evangelie in erdekruike (vs 7). ’n Erdekruik is ’n voorwerp gemaak uit hardgebakte klei waarin mense dikwels skatte weggebêre het. Met tyd saam kom daar egter krake in so ’n kruik. Dit breek. Hoe meer dit uitmekaar val, hoe meer sigbaar raak die skat wat daar binne-in is.

Paulus verklaar hierdie beeld. Ons “dra die doding van die Here Jesus in die liggaam om” (vs 10). Soos erdekruike wat breek, vergaan ons ook. Ons swaarkry in die lewe staan nie los van die lyding wat Christus deurgegaan het nie. Ons lyding is nie om te betaal vir sondes soos Christus gedoen het nie. Ons is egter wel een met Christus, ook in die feit dat ons deur lyding heen tot groter heerlikheid gelei word.

Dáár is egter die troos in ons swakheid. Ons weet dat Christus se lyding uitgeloop het op heerlikheid. So dan ook vir ons. Soos die skat al hoe meer deur die krake van ’n erdekruik sigbaar word, word die lewe in Christus al hoe meer sigbaar in ons gebroke liggame. God se krag word in swakheid volbring (2 Kor. 12:9).

As ons swak is, dan is ons sterk. Mag die lewe in Christus skyn deur die krake van ons swak bestaan. Mag ons swakheid ons rig op die lewe van heerlikheid tot heerlikheid.

*Sing: Psalm 149-1:2*

*Ds. MD (Dirk) Meijer (Bloemburg)*